*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 17 Augustus 2025**
**Nagmaal**

**Van die Skepping tot my siel – só sorg God.**
**(en daarom sal ek sing!)**

*"In die begin... het God gesê:*
*'Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf,*
*om skeiding te maak tussen dag en nag. Hulle moet daar wees vir tekens en vaste tye, en vir dae en jare. Hulle moet daar wees as ligte aan die hemelgewelf om lig te gee op die aarde.' Dit het so gebeur. God het die twee groot ligte gemaak... God het gesien dat dit goed is. En dit was aand en dit was oggend – die vierde dag."*
(Genesis 1:3-5)
*"Die Here het vir Moses en Aäron in Egipteland gesê: 'Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; die eerste van al die maande van die jaar. .. Op die tiende van hierdie maand, moet elkeen van hulle 'n lam neem vir sy familie, vir sy huisgesin. ... Hierdie dag moet vir julle dien as 'n herinneringsdag; julle moet dit as 'n fees tot eer van die Here vier... In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, in die aand, moet julle ongesuurde brood eet..."*
(Eksodus 12:1-3, 14 en 18)

*"Tussen eeuwigheid en geschiedenis staat de schepping."* Só begin wyle Tannie Marianne Koorts se vader, prof. A van Selms, sy gesaghebbende kommentaar oor Genesis 1 ("Prediking van het Oude Testament", 1984:19). Tussen ewigheid en tyd, het God die eerste Skeppingswoord gespreek: "Laat daar lig wees!" (1:3). Geen ligbron word nog vermeld nie; lig en donkerte word wel geskei, word "dag" en "nag" genoem... Die tweede en derde skeppingsdae volg: "Laat daar 'n (hemel)gewelf wees met water..." en "Laat droë grond tevoorskyn kom..." (1:6 & 9), en "Laat daar groen plante uit die land uitspruit..." (1:11). Hoe mooi is hierdie gedig oor die handewerk van God nie opgebou, soos wat Hy sy liefde openbaar en lewe gee, verder en verder kring dit uit...

En dan die vierde dag: "Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf..." (1:14). En daarmee – tussen ewigheid en geskiedenis – skep God tyd, opeenvolging, soggens die son wat verskyn en snags die maan; word dit duidelik dat hier 'n siklus is, die maan wat groei, vol word en weer kwyn; dat die son se trajek oor die horison en op middaghoogte wissel, "soos 'n bruidegom wat vol vreugde op sy pad gaan" (Psalm 19:6-7); dat daar seisoene kom en 'n sirkelgang... Dít alles, uiteindelik afgetel in "tekens en vaste tye, vir dae en jare" (1:14). En vervul dit ons nie met vrees vir "natuurelemente" of die blinde noodlot nie, maar verwondering oor God: *"Bedags sal die son jou nie skaad nie, en snags ook nie die maan"* (Ps. 121:6).

Sélfs ín die land waar die son aanbid is as godheid, beskik God 'n (sons)verduistering (Eks. 10:21 e.v.), en skenk dan ín die donkerte – teen middernag (Eks. 11:4) – 'n nuwe begin en bevryding, presies afgetel en vir die eeue daarná geldend tot by vanoggend hier: op die soveelste dag van die soveelste maand, moet julle brood breek, 'n Lam slag. God se sorg geld nie net elke uur en seisoen, maar ver-lig tot in die diepte van my hart, my grootste nood.

**JL.**

Hartlik welkom by ons Nagmaalsdienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal, deur ds. Johan Marais. Welkom aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

**Verwelkoming**

**Aansteek van die wydingskers**

**Wydingslied:** "O, Here God, u Naam is groot op aarde" (Psalm 8:1, 3 en 4)

**Votum:**

**Liturg –** "Ek kyk op na die berge –
waar sal my hulp vandaan kom?"

**Gemeente –** "Ons hulp is van die Here,
wat hemel en aarde gemaak het.

**Liturg –** "Hy sal nie toelaat dat jou voet struikel nie;
jou Beskermer sal nie insluimer nie.

**Gemeente –** "Die Here is ons Beskermer;
die Here is die skaduwee aan ons regterkant.

**Liturg –** "Bedags sal die son jou nie skaad nie,
en snags ook nie die maan nie.

**Gemeente –** "Die Here beskerm ons teen elke onheil,
die Here beskerm ons ingaan en ons uitgaan,
van nou af tot in ewigheid." (Psalm 121)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Prys uit die hemele die Heer"
(Psalm 148:1a, 2m, 4v, 6m, 7v en 9a)

**Gebed**

**Gebedslied:** "U het die brood gebreek" (Lied 253:1)

**Skriflesing:** Genesis 1:1 en 14-19, en Eksodus 12:1-6, 14, 18 en 40-42

**Gebedslied:** "U is die lewensbrood" (Lied 253:2)

**Verkondiging**

**Danklied:** "Na ploegtyd en na saaityd" (Lied 461:1)

**Herinnering aan die Nagmaal as verbondsmaaltyd...**

**As Geloofsbelydenis & Nagmaalslied:** "Hemelse Vader, ons bring U eer"
(Lied 451:1, 2 en 3)

**Voorbereiding vir die Nagmaal**
(Die brood en wyn word uitgedeel en ons wag totdat almal ontvang het, ook die diakens, en wanneer dit dan ingestel word, eet en drink ons dit almal saam)

**Tafelgebed**

**Instelling van die Nagmaal**

**Danklied:** "Ons eer U as die Skepper" (Lied 461:2)

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Here, hoeveel blye dae" (Lied 571:1, 3 en 4)

**Seënbede, Amen & Orrelnaspel**

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog 'n oomblik van nadenke te geniet.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 17 Aug | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>**17:00** – Bybelvasvrae vir katkisante, **Gr 5 tot 11, Genesis 1 tot 11**! Ons nooi al ons ouers om ook saam te kom, ondersteun en geniet… |
| Sondag, 24 Aug | 09:30 – Ds. Johan Marais (Bybelsondag); ds. Jan Lubbe – gesinsdiens in saal.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe (Pastorale Gesprek en kerkraadsvergadering). |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 17 Aug | Abi Barnard, Juno Carstens, Brian Coetsee, Rhona Lategan, Amanda Lombard en Cornel Strydom. |
| 18 Aug | Felicity Borcherds, Lydia de Villiers en Greta Maschke (Lubbe). |
| 19 Aug | Rina Claassens. |
| 20 Aug | Laurika Pansegrouw, Liam Swart en Ellie van der Westhuizen, |
| 21 Aug | Mandie Cilliers en Simon Laubscher. |
| 22 Aug | Trudi O'Neill. |
| 23 Aug | Chris de Lange. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Herculina van Wyk (Bewarea 58, wyk 8c); Victor Reitz (Albrechtstr. 85, wyk 2a); Jacquelle Malan; Oom Kowie en Frances Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b); Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a) en Jan Erasmus (Aliquando, wyk 11). Ons dink ook almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun – mag jul die krag van die Here beleef.

Sien ingeslote vandag ons kwartaallikse Gebedsbrief.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) o.l.v. ds Jan Lubbe in die Konsistorie. *"Paulus, Jesus en ons – wat glo jý?"* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep (19:00) vir jongmense 19:30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Op reis deur Efesiërs."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) – in Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *"Die Brief aan Efese – Die Here s'n!"* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In Augustus sorg **Wyke 14, 15 en 16** en vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**

**Wyksbyeenkoms vir Jonggesinne met kinders:** Vanmiddag om 12:00 by Groenvleilaand 15a, Groenvlei – of kontak David-Rees Samuel (082 950 0980).

**Augustus is Bybel-in-Afrikaansmaand:** Ons vier weer dankbaar vanjaar die vertaling van die Bybel in Afrikaans, op Sondag, 24 Augustus; kom deel in ons muntlegging vir die Bybelgenootskap, saam met die Koragiete se Koffiehuis!

## BERG-EN-DAL KERMIS 2025 – VRYDAG, 19 SEPTEMBER

BOEREPLAAS

Ons is vier weke weg van Boereplaas 2025 en die reëlings begin momentum kry! Ons kort nog hulp (koördineerders en vrywilligers) by die Potjiekostafel, by Soetgoed vir Snuiters, en by die Plantemark; ook baksters by die koek-en-terttafel. Intussen het 'n lidmaat 200 hoenders geskenk – bestel nou heel hoenders (@ R 40 p/kg); in helftes gesny (@ R 42 p/kg) of flatties met speserye (@ R45 p/g). Bestel by die kerkkantoor!

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 3 Augustus: **Sinodale Mediateek.** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

En: Vrydagaand, 22/8 om 18:30 – **Eunice Skoolkoor** hier in die kerk – sagte donasie…